**1 Julie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 1:9-14**
**Fokusgedeelte: Handelinge 1:14**

## Krisis, gebed, uitkoms!

In die boek Handelinge is daar ’n deurlopende patroon wat ons baie oor gebed leer: Daar is krisisse, die gelowiges bid en God gee uitkoms! In Handelinge 1 lees ons dat Jesus opgevaar het na die hemel terwyl sy dissipels Hom agterna gestaar het. Engele belowe toe aan hulle dat Jesus net so sal terugkom soos Hy opgevaar het. Hulle gaan terug Jerusalem toe na die bovertrek waar hulle gewoonlik vertoef het.

Wat doen hulle daar? Vers 14 sê: “Hulle het almal eensgesind volhard in die gebed saam met ’n aantal vroue, onder wie ook Maria die moeder van Jesus. Sy broers was ook by.”

Die gelowiges beleef skielik twee krisisse: Hulle Here is weg, Hy het opgevaar na die hemel en Judas, wat Jesus verraai het, het gesterf. Hulle was dus nou net 11 apostels en nie meer 12 nie. Wat doen hulle? Hulle bid! (:14). Wat is die gevolg? God wys iemand aan in Judas se plek en God stort sy Heilige Gees uit in Jesus se plek.

Sien u die patroon? Krisis, gebed, uitkoms! Bid vir die volgende:

- Dat God ons sal leer om in krisisse nie moedeloos te word nie, maar om te bid.
- Dat ons as gelowiges en as gemeente “almal eensgesind” saam sal “volhard in die gebed” in die eredienste, vergaderings en Bybelstudiegroepe (:14).
- Dat ons as huisgesinne meer saam sal bid.
- Dat God ons gebede sal verhoor soos in Handelinge.

*Sing: Psalm 116:1-3 (1936)*

*Ds. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord)*